JAARVERSLAG 2011

Dit is voorwaar vir my ’n groot eer om verslag te lewer van die afgelope jaar se bedrywighede.

Met die gebeure en hoogtepunte van 2010 nog vars in die geheue kan ek werklik nie glo dat daar weer verslag gelewer word oor 2011 se hoogtepunte en prestasies.

1. ROLTAL

Ons groet 2010 se graad 12’s wat tot op datum een van Pionier se grootste graad 12 groepe was nl. 149. Ons huidige graag 8 groepe staan egter nie terug nie en ’n getal van 138 graad 8’s sluit by ons aan in die nuwe jaar. 293 seuns en 319 dogters.
* ’n Bietjie meer later oor leerling getalle.

2. PERSONEEL

Aan die begin van die jaar sluit die volgende personeel by Pionier aan:
Mej. I. Wasserman, Mej. L. Potgieter, Mnr. C. Swanepoel, Mnr. L. Schmidt en Mnr. P. Schoeman. Mnr. N. van Rooyen word bevorder en verhuis na Kuruman, Mev. M. van Rooyen bly egter tot 14 Oktober 2011 by ons aan en sluit ook by haar man aan, Mev. R. Mortlock word vanaf Hoër Landbouskool oorgeplaas na Pionier.

Ons verwelkom Mev. C. Fourie en Mnr. J. Erasmus vanaf die begin van die jaar op die Bestuur van Pionier.

Gedurende 2011 was die ooievaar baie bedrywig onder die personeel. Baie geluk aan:
1. Mev. N. Brits
2. Mev. A. Els
3. Mev. Z. vd Merwe

asook Mnr. en Mev. R. Kritzinger wat hoor hulle gaan in die Nuwejaar ouers word.

Pionier groet dan Mnr. G. Koch aan die einde van die jaar na 23 jaar diens as Adjunkhoof en Akademiese hoof by Pionier, meer oor Mnr. Koch later vanaand.

Aan die baie toegewyde en lojale hardwerkende personeel by die skool en koshuis namens my en die ouers baie dankie vir al julle harde werk.

3. AKADEMIE

Op akademiese gebied het Hoërskool Pionier weereens uitstekend presteer:

In die Gr. 12 eindeksamen verlede jaar handhaaf ons weereens ’n 100 % slaagsyfer ter stawing van ’n skool met uitsonderlike akademiese standaarde net die volgende ter stawing:

3.1 Pionier word aangewys in September as die skool met die beste Algehele akademiese skool in die Vryheidstreek wat meer as 200 skole insluit.

3.2 Die Algehele beste uitslae in die Vryheidstreek in Wiskunde, Fisiese Wetenskap en Afrikaans Eerste Taal.

3.3 61 % van die leerlinge slaag met matrikulasie vrystelling. Dit is ook van ons as personeel se doelwitte om hierdie persentasie te laat styg.

3.4 5 Leerlinge slaag met 7 A's.

3.5 C. Els en C. Faul eindig in die top 5 in die Vryheidstreek.

3.6 10 Leerlinge behaal 'n A gemiddeld.
23 Leerlinge behaal 'n B gemiddeld.
52 Leerlinge behaal 'n C gemiddeld.

15 Personeellede word bekroon met 'n toekenning vanaf die Departement met 'n 100 % slaagsyfer in hulle onderskeie vakke.

Baie geluk aan Hoërskool Vryheid wat die top leerling in KZN in 2010 oplewer.

Ons is ook baie trots op J. Vreken wat die enigste leerling in NKZN is wat onder die top 20 leerlinge in KZN eindig in die Afrikaanse Olimpiade.

Nog klasse word toegerus met projektors en interaktiewe toestelle om die onderrig in die klas te verbeter en ook so vir gehalte onderrig sorg.

4. SPORT EN KULTUUR

Hoërskool Pionier het verlede Dinsdag aand 'n uiters suksesvolle Sport en Kultuur aand beleef met Penny Heyns as gasspreker. Daar word egter na die moontlikheid gekyk om die aand so te bestuur dat meer ouers en leerlinge die pragtige aand kan bywoon.

4.1 SPORT

Pionier beleef 'n uiters suksesvolle sportjaar en verskeie leerlinge presteer op Streek-, Distrik-, Provinsiaal- en Internasionale vlak. Baie dankie aan elke personeellid, ouer, borg en ondersteuner vir al die tyd en moeite wat u ingesit het om van 2011 'n spesiale jaar te maak.

Internasionaal: Streeksvlak:
Provinsiaal:
Sportman 2011: J.J. vd Hoogen
Sportvrou 2011: S. Meyer

4.2 KULTUUR

Baie dankie aan toegewyde personeel en mev. C. Lombaard (koorafrigter). Kultuur aktiwiteite is besig om te groei en die volgende prestasies word behaal.

4.2.1

Kultuurpersoonlikheid: C. Kloppers

5. **GEBOUE EN TERREIN**

As een van die skole met die beste en pragtigste fasiliteite in die land kan ons nie bekostig om net apaties te wees en nie jaarliks verbetering aan bring nie waarvan die mees sigbare die verbetering van die Tennis- en Netbalbane is, daar is ook verbeterings by die swembad, klaskamers, saal (klankstel) en meublement gewees die afgelope jaar. Baie dankie aan alle ouers wat groot bydraes gemaak het die afgelope jaar asook Mnr. Koch en A. Steenkamp vir die bestuur van alledaagse aktiwiteite. Baie dankie C. Foord as voorsitter van die komitee.

6. **KOSHUISE**

Baie dankie aan Mev. M. van Rooyen en Mnr. J. Scheepers wat ingestaan het as koshuis ouers by Pionier koshuis asook Mnr. en Mev. Smit by LMS. By Pionier koshuis word jaarliks projekte aangepak om ons koshuise modern te maak en ekonomies te bestuur. Aan alle personeel wat privaatheid opoffer en inwonende personeel is, asook matrones en kombuispersoneel julle bedagsaamheid en vriendelike helpende gesindheid word opreg waardeer. Baie dankie F. Vreken as voorsitter van die komitee.

7. **VERVOER**

Soos verlede jaar gemeld is het Pionier ’n nuwe bus aangekoop en poog om dienslewering op alle roetes te verbeter. Baie dankie C. Meyer as voorsitter van die komitee.

8. **FONDSINSAMELINGS**

Daar was die afgelope jaar op die volgende projekte gefokus en die volgende bedrae is ingesamel:

1. Kwartaal 1 – Blokkies lyste – R38 000-00.
2. Kwartaal 2 – Motorkompetisie – R35 000-00.
3. Kwartaal 3 – Wildsfees – R87 000-00.
4. Kwartaal 4 – Blik - ?

Baie geluk en dankie Mnr. F. du Plooy en sy komitee.

9. **SKOOLFONDS EN KOSHUISFOOIE**

Pionier is tans besig om alle data oor te plaas op ’n Pastel bedryfstelsel om sodoende meer duidelike state en op ’n meer gereëlde basis aan ouers te gee en te e-pos.
Ons huidige fooie beloop R610-00 per maand oor 10 maande vir skoolfonds en R40 per dag vir koshuisfooie. Baie dankie aan Mnr. H. van Heerden vir die professionele insette en aan Vonkeman Prokureurs vir die harde werk en invordering wat die einde van die jaar gaan plaasvind.

10. **BEHEERLIGGAAM**

Aand die volgende lede baie dankie vir ’n termyn wat volgende jaar ten einde loop:

1. Dr. Homan – Voorsitter.
2. Mnr. C. Meyer – O/voorsitter.
3. Mev. A. Fourie.
4. Mnr. F. du Plooy.
5. Mnr. H. van Heerden
6. Mnr. N. Barnard.
7. Mnr. C. Foord.
8. Mnr. R. Vermaak.
9. Mnr. F. Vreken

'n Spesiale woord van dank aan Dr. A. Homann vir sy lojale diens oor etlike jare aan Pionier wat dan aan die einde van die jaar moet groet as ouer van Pionier.

11. **ALGEMEEN**

Die volgende projekte vir 2010 is met sukses afgehandel:

11.1 Nuwe bus gekoop.
11.2 Tennisbane opgradeer.
11.3 Netbalbane opgradeer.
11.4 Nuwe rekenaar vir personeel en rekenaar lab is aangekoop.
11.5 Interaktiewe stelsel word uitgebrei.
11.6 Kameras is op die stoep geïnstalleer.
11.7 Klankstelsel vir die saal is aangekoop.

Die beeld wat elke leerling van Pionier uitdra en elke woord wat u as ouer oor die skool sê is uiters belangrik. Almal stem nie noodwendig oor alles saam nie, maar daar word soveel skade aangerig oor oningeligte uitlatings in sosiale gesprekke. Die behoud en toekoms van Pionier is in ons almal se hande. Ondersteun ons oudskoliere fonds die Alumni en raak betrokke om Afrikaans sprekende kinders vir Pionier te werf. Dit gaan oor die behoud van Afrikaanse moedertaal onderrig.

Wys Tabel oor leerling getalle.

Wys vir u 6 laerskole se getalle oor die afgelope 3 jaar en toekomstige 3 jaar in Graad 7.

Skool 1	2008	2009	2010	2011	2012	2013
	26	27	28	25	26	23
Skool 2	71	65	77	40	55	50
Skool 3	42	33	40	42	54	52
Skool 4	84	63	73	74	79	57
Skool 5	63	60	42	48	47	49
Skool 6	90	82	102	77	?	?
	370		-			231

139 = 38 % afname in getalle.

Baie dankie aan elke personeellid, leerling en ouer asook die gemeenskap van vryheid en Pionier se voeder dorpe.

Aan al ons buurskole dankie vir julle buurmanskap. Spesiale woord van dank aan LMS hoof en personeel as ons hoof voederskool.

Dankie aan die huidige Graad 12's vir die voorbeeld en leiding wat julle in die skool geneem het gedurende die jaar.
Sterkte met die eksamen, mag julle as Pioniers in volwasse wêreld terugkom na Pioniers en as goeie ambassadeurs julle volwasse lewe begin.

Aan Mnr. Noomé van VHS, sterkte met sy aftrede mag hy die wel verdiende rus geniet en baie dankie vir die goeie samewerking die afgelope paar jaar tussen die 2 skole.